ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Jaargang 23 • Nr. 2 • Des 2022

# WELTEWOORD

Gemeenteblad van NG Weltevreden

# Kersfees
## Die seisoen van onderbrekings

*Dr. Neil du Plessis*

Hoe ouer 'n mens word hoe meer besef jy dat 'n groot deel van jou lewe uit onderbrekings bestaan. Dalk dink jy dadelik aan kragonderbrekings, maar dit is slegs een van vele soorte onderbrekings wat 'n mens kan beleef. Sommige onderbrekings is lekker en sommige vang ons onkant. Onderbrekings is veral gedurende die Kersseisoen meer prominent. Ons onderbreek die normale werkroetine vir 'n jaareindfunksie waar ons lekker op informele vlak saam kuier en ons onderbreek die besigwees met 'n welverdiende vakansie tuis of by die see. In hierdie tyd onderbreek ons soms ons dieet vir 'n ekstra porsie kos of nagereg wanneer familie of vriende saamkuier. Onderbrekings is deel van Kersfees, maar ook deel van die lewe. Sommige onderbrekings bekruip ons en vul ons gemoed met vrees en angs. Dit het selfs die potensiaal om ons slaap en vreugde te steel.

Dalk het jy dit die afgelope jaar aan jou lyf gevoel. Jou planne is dalk omver gegooi en onderbreek deur 'n aflegging, 'n groot operasie, nog 'n reeks behandelings of 'n verhouding wat onherstelbaar vernietig is. Sulke onderbrekings kan veroorsaak dat ons God se motiewe bevraagteken en selfs ons rug op Hom draai.

Dalk moet jy op die oomblik ook 'n paar onderbrekings in jou lewe in die oë staar. Wat jy graag wou hê en wat die lewe vir jou uitgedeel het pas nie lekker bymekaar nie. Dalk is Kerstyd ook vir jou 'n baie moeilike seisoen. Dalk sien jy meer uit na die 26ste Desember as die 25ste Desember?

Die Kersverhaal is deurweef met onderbrekings. Plaas jou vir 'n oomblik in die skoene van die tienermeisie Maria. Sy was ver van die huis af, hoogswanger en besig om op ongemaklike paaie en in moeilike weersomstandighede te reis na 'n onbekende dorp genaamd Betlehem. Die onverwagse swangerskap het haar heel moontlik vervreem van haar familie en boonop moes sy ook aan haar verloofde Josef probeer verduidelik waarom sy 'n kind verwag wat nie syne is nie! Die omstandighede waarin Maria geboorte moes gee was net so uitdagend. 'n Vuil stal ver weg van die ondersteuning van bekendes was definitief nie in die aanvanklike beplanning nie.

Maar in daardie uitdagende omstandighede het Maria geboorte aan Jesus gegee! In daardie oomblik het sy besef dat dit alles die moeite werd was. Die herberg het nie plek vir haar Seun gehad nie, maar mettertyd sou mense se harte wel plek maak vir Hom! Te midde van al die chaos het die Christus gekom. Immanuel. God met ons!

Jesus het die geskiedenis kom onderbreek en 'n nuwe storie kom skryf – God se storie van hoop, verlossing en oorwinning! Hierdie nuwe begin is ook vir jou bedoel. Die eerste Kersfees was dalk nie wat Maria beplan het nie; tog dit was soveel meer!

En daarom mag ons glo en bely dat God te midde van onaangename onderbrekings steeds alles bymekaar hou. Wanneer drome misluk, wanneer die toekoms onseker lyk, wanneer 'n graf toegegooi word, wanneer 'n huwelik verbrokkel en dit voel asof alles wat goed en mooi is tot 'n einde kom kan ons steeds weet dat God ons vashou. Hy word nie onkant betrap deur onderbrekings nie. Sy planne vir jou ontspoor nooit en Hy word nie geaffekteer deur die storms van die lewe nie. Hy sit stewig op Sy troon en is gereed om ook jou onaangename onderbrekings te omskep in geleenthede van groei.

**Geseënde Kersfees!**



# FEESMAAND
## een laaang lekkerte!

*Saret Britz*

Die Bybel praat van lang uitgestrekte tye as 40 dae en 40 nagte, of 40 jaar in die woestyn. Dikwels gaan die 40 dae of jare gepaard met beproewing. By NG Weltevreden kan ons eerlik getuig van 40 jaar se seën, wat ons tydens September op gepaste wyse kon vier. Op 5 September 2022 het die gemeente haar veertigste verjaarsdag gevier, maar ons het besluit om sommer 'n hele maand (amper 40 dae en 40 nagte lank) fees te vier.

Die maandlange partytjie het afgeskop met die tema **'Vier saam'** by die Lenteloffees, begelei deur die Ensemble onder die bekwame leiding van Tharien Oosthuizen. Daarna het almal lekker gekuier oor 'n koppie koffie en snytjie koek. Familiefoto's is geneem om die oomblik te verewig. By die 'Twilight Trot' is daar 4km gestap op 'n roete om die kerk- en skoolterreine. Ons laerskoolmaats kon ook behoorlik litte losmaak by die KiX-sokkie. Pasteie uit die koffiewinkel het die honger gestil. Verjaarsdagkoek is uitgedeel by die plaaslike polisiestasie en klinieke terwyl verjaarsdagpartytjies gehou en persentjies uitgedeel is by ons kinderhuisprojekte.

Tydens die volgende week se tema **'Onthou saam'** het ons teruggekyk oor 40 jaar van onverdiende seën in die gemeente. Babas is gedoop en by die Silwerhoekie-kuier het ons heerlik Afrikaanse liedjies saam gesing en sommer net daar besluit dat dit 'n gereelde aktiwiteit moet word. By die swierige skemerkelk-onthaal is daar met heimwee teruggekyk na al die tye toe ons die samesyn van gemeentewees kon ervaar. Met die pragtige musiek van Christo Bezuidenhout in die agtergrond kon ons weer besef hoe waardevol dit is om 'n plek te hê waar elkeen welkom is en behoort.

Om saam te **'Werk, speel en kuier'** of die lewe met mekaar te deel, is nog iets wat ons in die feesmaand kon vier. Ons kon die kerkterrein geniet deur 'n nuwe boom aan te plant as herinnering aan 'n gemeente wat ten spyte van moeilike omstandighede steeds 'n plek van rus en groei is vir die gemeenskap. Ons nuwe wildeolyfboom staan trots haar plek vol op die terrein en 'n tydkapsule gaan geseël word met wense vir die toekoms. Die KiX-maats en JonkX-tieners het ons gewys hoe om behoorlik saam te kuier en speel en ons het sommer nuwe energie sien loskom vir ons jeuggroepe. Daar is ook pennesakkies gemaak wat uitgedeel gaan word by die kinderhuise waarby die gemeente betrokke is. Ons laerskoolmaats het prentjies ingekleur wat pragtig in die kerk uitgestal is. Wie kan nou sê hulle kuier nie lekker wanneer daar saam gewerk word nie? Roosterkoeke is gesellig saam gebak en geëet. Langs die braaivleisvure is die Springbokke kliphard ondersteun. Was dit dalk die rede vir hul oorwinning oor Argentinië?

Laastens het ons as gemeente **'Saam aanbid'** by die loof-en-prys-afsluitingsdienste. Ons het ook saam onder die sterre aangesit by die langtafelfees en gesmul aan 'n feesmaal. Nuwe vriendskapsbande is gesmee en ou kennisse het weer bande vasgemaak. Ons kon gemeentewees geniet en vier.

Vir 40 jaar het die Here hierdie gemeente bo verdienste en verwagting geseën. Ons is dankbaar vir elke gemeentelid en vir wat ons vir die gemeenskap kan beteken. Ons sien met groot verwagting uit na die volgende 40-jaar-lange avontuur. Mag Sy seën deur ons vloei na die stad waarvan ons deel is.

*Foto's op bl. 3*

## IN HIERDIE UITGAWE


- Kersfees – die seisoen van onderbrekings
- Feesmaand – een laaang lekkerte!
- NG Weltevreden: kreatief en verbeeldingryk met finansies
- Dankie vir jóu plek in ons gemeente se storie
- Dankie-diens met Mathys Roets
- Vele hande, ligte werk
- Totsiens, maar nie vaarwel nie
- Die Grootste Geskenk
- Belydenis van geloof
- Ons stel bekend
- Op 'n hoë noot
- Geseënde Somerkersfees



REDAKSIE VAN HIERDIE UITGAWE IS BEHARTIG DEUR:

Esmé Coetzee
Saret Britz
Maretha Gous


Uitleg en ontwerp: Esmé Coetzee









Inkleurpret

# 40ste Verjaarsdag

## Feestelik en Vrolik!























# NG Weltevreden

## Kreatief en verbeeldingryk met finansies

*Saret Britz, Gemeentebestuurder*

Daar word dikwels in dieselfde asem na kreatiwiteit en verbeelding verwys – dit is asof die een nie sonder die ander kan bestaan nie. 'n Lewe sonder verbeelding en kreatiwiteit word beskou as vervelig, vaal en oninspirerend. Dit is amper hoe ons dink oor die mense wat met begrotings en finansies werk. As hulle waag om buite die boks te dink, word hulle as "kreatiewe boekhouers" gebrandmerk, wat glad nie in 'n positiewe lig gesien word nie.

In die Bybel lees ons op verskeie plekke van die vernuftige bestuur van finansies. Salomo se Spreuke waarsku ons oor skuld; ons word vermaan om aan die keiser te gee wat hom toekom en word saam met 'n vrou opgewonde oor 'n verlore muntstuk wat gevind is. Daar is ook die opdrag om 'n tiende van ons inkomste vir die kerk te gee sodat die werk van die kerk gedoen kan word. Daarmee saam kom die duidelike opdrag dat ons as rentmeesters moet optree met die geld, gawes en tyd wat aan ons toevertrou is om by te dra tot die uitbreiding van die koninkryk.

Hoe kan ons as gemeente te midde van skaarsheid steeds kreatief dink oor ons roeping? Skaarsheid en armoede steel onbetwisbaar ons verbeelding. Dan kan ons nie meer droom oor projekte nie. Ons kan ook nie meer dink waar ons 'n verskil kan maak nie want al waarin ons vaskyk is tekorte, verliese en rooi minusgetalle. Om te oorleef is al wat saak maak. In die Seisoen van Dankbaarheid leer ons egter weer om dankbaar te wees vir die onverdiende geskenke wat ons daagliks ontvang. Ons kan staat maak op die eeue-oue beloftes van die Bybel en ons drome mag vlerke kry. Ons ontdek weer dat die Here voorsien – in elke omstandigheid!

Ons is dankbaar vir elkeen wat op sy/haar klein manier 'n bydrae lewer tot die gemeente se Dankfees. Ons is dankbaar vir elke bydrae, groot of klein. Elke een dra by tot ons roeping om 'n verskil te maak daar waar ons leef, werk en speel asook daar waar ons nie altyd wil wees nie. Ons vra weer met vrymoedigheid dat elke gesin volgens hul vermoë 'n bydrae sal maak tot die Dankfees, sodat die goeie werk van die kerk kan voortgaan. Ons vra ook waar dit moontlik is, om die maandelikse dankoffers nie af te skeep nie. Hierdie broodnodige bydraes word nie net gebruik vir ons gemeente nie, maar ook ruimhartig uitgedeel waar die nood in die gemeenskap die grootste is.

Dankoffers toon 'n aansienlike daling van 15% teenoor die pre-Covid syfers en ons het 'n stewige doelwit van R500 000 gestel om tydens die Dankfees in te samel. Dit verg moed om steeds kreatief ons verbeelding in te span om die gemeente se werk te doen te midde van hierdie skaarsheid.

Ons kan in 'n hoekie gaan sit en hoop dat die skaarsheid sal verander in oorvloed, of ons kan kreatief en verbeeldingryk droom en planne beraam vir 'n nog groter voetspoor in die gemeenskap. Ons kies laasgenoemde, want ons is vas oortuig dat NG Weltevreden, soos in die woorde van Genesis 12:2, geseën word sodat ons ander tot seën kan wees. 'n Gemeente wat saam bid, vra vir voorsiening en in afhanklikheid van die Here daarop wag, is 'n gemeente wat verstaan dat ons veral in tye van skaarsheid kreatief en verbeeldryk moet werk om ook ons finansies aan die Here toe te vertrou.

# DANKIE



# vir jóu plek in ons gemeente se storie

*Ds. Hettie Wessels*

Die dankie is aan almal gerig, elke iedere een – diegene voor in die koor en dié wat nie altyd opdaag nie, want vir alles is daar 'n rede en 'n plek en 'n tyd, geleenthede en omstandighede.

Dankie is so 'n klein woordjie, maar daaragter lê baie ure, opdaag, ja-sê, opofferings en daarwees. Ure en ure se werk, tyd, geld, geduld en liefde. Bakkers, skinkers, eters, drinkers, praters, sangers, skottelgoedwassers, braaiers, skrywers, koffiemakers, verskilmakers, hulle wat vuur maak, hulle wat mooimaak, hulle wat skoonmaak, hulle wat leer, wat opskep, brood smeer, versorg, troos en verdra, luister en bid, baie bid, en weer bid.

'n Gemeente is soos 'n familie. Soms kuier ons saam, dikwels skuur en skaaf ons aan mekaar, maar dit is hartsmense, hulle wat jy kies en weer kies, want dit is waar God jou geplaas het. Ons kry saam swaar en ons lag… ons kan lekker lag, dit maak alles die moeite werd. Ons huil ook dikwels saam en vee mekaar se trane af, glo saam en glo namens mekaar. Ons deel die lewe, die soet en die suur. Dit is nie altyd lekker nie, maar dit is altyd die moeite werd. Ons deel 'n storie, die gemeentestorie, maar ons deel ook mekaar se stories – die stories van ons kinders en ons begrafnisse, die bruilof, mislukkings, seer stories en spogstories.

En ons dank die Hemelse Vader elke dag vir hierdie deelwees – vir ons roeping en die stuur na die gemeenskap. Ons dank God dat ons deel van sy Koninkryk mag wees, dat ons diensbaar kan wees. Dit is ondenkbaar dat God feilbare mense soos ons gebruik, met nukke en grille, doodgewone ons. Daaroor is ons die heel dankbaarste – dat ons God dink ons is goed genoeg.

As ek aan NG Weltevreden dink, dink ek so oor ons:


*Filippense 1: 3 Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. 4 In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, 5 omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie. 6 Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.*

**Dankie Here vir elke een in ons gemeente wat deel is en deelneem sodat ons deel van U kerk kan wees. Amen.**

Hierdie lang lys van waar mense vanjaar diensbaar was, laat 'n mens opnuut besef hoe die Here elkeen met unieke gawes en talente seën en hoe elkeen 'n spesiale plek in die gemeente het waar daardie gawes en talente gebruik kan word.

*Vervolg op bl. 6*

# Dankie-diens met Mathys



*Mathys Roets het onlangs saam met ons dankie gesê vir almal wat 'n bydrae gelewer het tot die storie van ons gemeente die afgelope jaar. Mathys het ons met sy musiek en vertellings deur sprokies, stories, drome en onthou geneem. Hy sê "ek het nie oplossings vir hoe om swaar en onseker tye te oorkom nie, maar ek glo daaraan om elke dag net ietsie te doen, te onthou, 'n storie te deel of te dink oor die boodskap wat 'n mens aan ander oordra. En as jy iets groots moet aanpak, doen dit stukkie vir stukkie."*

# Vele hande, ligte werk



***Ons gemeente het die afgelope jaar hande gevat en groot take suksesvol afgehandel deur hulle stukkie vir stukkie aan te pak.***

***Hierdie lang lys van waar mense vanjaar diensbaar was, laat 'n mens opnuut besef hoe die Here elkeen met unieke gawes en talente seën en hoe elkeen 'n spesiale plek in die gemeente het waar daardie gawes en talente gebruik kan word.***

**Komitees, kommissies en bedienings:** Kerkraad, finansiële kommissie, diensverhoudinge-kommissie, feeskomitee vir die 40-jaar-vieringe, kategete vir Kix-kerk, Jonk-X, kleuterkerk, musiekbediening, koffiewinkel, basaarkomitee, vrouediens, begrafnisbroodjie-tannies, Barnabas, eredienste, Bybelstudies, omgeegroepe, Woensdagwoord, Koffiekuiers, oggendboodskappe, Pinkster, Heilige week, doop en nagmaal.

**Projekte:** Silwerhoekie, Huis Erasmus, Blou Huis, Jan Hofmeyer Speelskool, Cosmo City, Mandeladag, koskas, gesinne in nood, Tutela, MES, Treasures en Mosambiek.

**Kommunikasie en bemarking:** Facebook, Instagram, brokkies, multimedia, Weltenuus, Weltewoord, klank, beligting, kalender, videos en foto's wat geneem is.

**Kuiergeleenthede:** basaar, maandlange 40-jaar-vieringe, paasete, sokkies, speletjiesaande, afsluitings, gemeentekuiers, almal wat tee skink.

**Mooimaak** van die geboue, binne en buite, en die terrein: gebedslokaal, liturgiese ruimte, studio, kombuis, tuine wat in stand gehou word.

Waar jy ookal diensbaar was, wees verseker jy het 'n baie spesiale plek in ons gemeente en ons waardeer jou ontsettend baie! Dit is 'n groot voorreg om saam in God se koninkryk te werk. Mag ons in die nuwe jaar weer met vreugde hande vat, diensbaar wees en spesiale tye deel!



# Totsiens, maar nie vaarwel nie

## Afskeid van Ds. Ferreira Marais

*Esmé Coetzee*

Mens kan gou die atmosfeer in 'n erediens aanvoel. Met doop is daar blydskap en opgewondenheid; met belydenisaflegging voel 'n mens dankbaarheid aan en wanneer afskeid geneem moet word, hang daar swaarmoedigheid in die lug. Dit was die geval op Sondag 23 Oktober toe die gemeente afskeid geneem het van Ds. Ferreira Marais, sy vrou Carla en hulle twee kindertjies, wat na Suider-Paarl gemeente verhuis.



Ds. Ferreira is in April 2016 as jong predikant in sy eerste gemeente in NG Weltevreden bevestig. Hy en Carla het in hulle tyd hier groot mylpale gevier. Hulle gesin het onder meer aangegroei – eers met 'n honde-kind en later is Abi en Daniël gebore. Ons is dankbaar vir die tyd wat hulle deel was van ons gemeente en vir hoe hulle saam aan ons gemeente se genadestorie geskryf het. Hulle is ook saam met die gemeente deur die uitdagende grendeltyd.

Ons sal Ds. Ferreira onthou vir sy gawe van musiek wat hy met ons gedeel het; sy groot passie vir jongmense; sy hart vir die middestad; sy betrokkenheid by Mosambiek-uitreike; sy lojaliteit teenoor die gemeente en kollegas en sy rustige, versoenende geaardheid.

Ons is as gemeente saam met hulle opgewonde oor wat die Here deur hulle in hulle nuwe gemeente gaan doen – die nuwe geleenthede om ook daar hulle gawes uit te leef, mense se lewens aan te raak en hoop te bring. Ons wens is dat hulle vinnig sal aanpas, maklik nuwe vriende sal maak en baie gelukkig sal wees.

Die gemeente spreek Lied 269 se seënbede oor hulle uit:

*God bly met jul waar jul ook mag gaan.*
*Mag Sy Gees jul lei en heilig*
*en jul altyddeur beveilig.*
*God bly met jul waar jul ook mag gaan.*



# Die Grootste Geskenk

*Esmé Coetzee*

***Die drie Kerssangdienste op 20 November was 'n groot hoogtepunt op ons kalender en ekstra spesiaal omdat ons vir twee jaar dit nie só in persoon kon beleef nie. 'n Verhoog vol musikante en sangers wat ons begelei sodat die kerkgebou weergalm met bekende, pragtige Kersliedere – 'n mens kon nie anders as om met oorgawe saam te sing nie! Ons is met woorde en musiek herinner aan die Grootste Geskenk, Jesus Christus vir ons gebore, wat ons in die ware stemming van Kersfees ingelei het.***







Vroeg daardie oggend stuur Ds Hettie soos gewoonlik haar daaglikse boodskap. Sy skryf: "Kerssangdiens, die eerste Kersliedere vir die jaar. Vir my 'n hoogtepunt. Die jaar lê op sy rug. Die laaste bietjie word toegedraai in blink papier en rooi strikke. Volgende week is die eerste Advent – die begin van die onthou van die koms van Christus na ons mensewêreld.

"Alles bou op tot die hoogtepunt, 25 Desember. En ja, ek weet dat dit nie regtig Jesus se geboortedatum is nie; dat dit waarskynlik eerder September sou wees. Sommige meen Oktober, maar as mens Johannes die Doper se geboorte neem as vertrekpunt, dan is die kans vir September groter. Hoe dit ook al sy, dit gaan nie oor wanneer Jesus gebore is nie, maar dát Hy gebore is. En dit is wat ons vier met Kersfees. God wat mens word en onder ons kom woon. Die 'verkeerde' datum maak nie die geboorte minder waar nie. Dit maak nie die verlossing minder eg, die liefde flouer of die genade afgewater nie. Dit verander slegs die partytjiedatum.

"In die vertelling van Lukas lees ons dat Maria die gebeure in haar hart gebêre het, vir later uithaal en onthou.

**Lukas 3:19 Sy het die skaapwagters se woorde diep in haar binneste weggebêre en gereeld daaraan teruggedink.**

"Dit is wat Kerstyd is – saamweestye wat jy in jou binneste bêre vir later se uithaal as die verlange groot raak na saamwees, kuier en onthou. Jesus se koms na die aarde bring hoop en vreugde en liefde en genade. Dit is wat ons vier – Immanuel, God met ons. Ons saamwees met God word 'n binne-bêre vir sukkel-geloofsdae. Kersliedere sing daaroor, elke Kersboom laat ons onthou. Elke geskenk herinner ons aan die grootste geskenk aan die mensdom.

"Bêre dus die mooi van hierdie tyd in jou binneste, van nou tot Kersfees. Kyk verby die klater, te veel en oordaad en sien weer mense raak, die binnekant. Hou jou geliefdes 'n bietjie langer vas, braai nog 'n vleisie saam en rek die tydjie nog 'n bietjie uit. Want, wie weet, dalk is in volgende jaar net die wegbêre oor om uit te haal en te onthou...

**"Dankie Here, dat U koms na die wêreld ons bymekaarbring. Amen."**



Die groep van 35 jongmense wat Sondagaand 16 Oktober Belydenis van Geloof voor die gemeente afgelê het, is 'n besondere groep met unieke karaktereienskappe – 'n jaargroep wat deur Covid is en baie vreemde dinge moes ervaar. Dit was 'n groot voorreg dat die belydenisaflegging in die kerk kon geskied, dat ons nie meer beperk was ten opsigte van Covid en ons dit buite met maskers aan moes doen nie.

Gedurende die jaar is 'n onvergeetlik-lekker kamp by Achterberg Kampterrein, Krugersdorp gehou. Daar is baie gesing, in groepe gesels, stiltetyd in die natuur gehou, gelag, gekuier en speletjies gespeel. Maar daar is ook hard gewerk asook diep gedink en gepraat.

Die besondere jongmense se belydenisjaar is tydens 'n diens in 'n stampvol kerk afgesluit toe elkeen die

Die gesegde "it takes a village to raise a child" is ook vir ons katkisante waar. 'n Toegewyde span kategete het hulle begelei tot die tydstip waarop elkeen met selfvertroue en oortuiging kon antwoord dat hulle gereed was om 'n belydende lidmaat van die NG Kerk te word. Die span wat saam met my gewerk het – Jan, Marius, Maryke, Nina, Armand en Alzette – het dit vir die katkisante maklik en lekker gemaak. Die tyd wat hulle in hierdie groep belê het en die besondere vriendskappe wat gesmee is, is van onskatbare waarde.

geleentheid gekry het om voor God en die gemeente op die Belydenisformulier te antwoord.

Elkeen se ouers of vriende kon 'n bietjie doopwater op hul voorkoppe plaas as herinnering aan God se beloftes en die pad wat Hy met hulle gestap het. Daarna het elke katkisant 'n stukkie van sy of haar hart gedeel. Die diens is afgesluit waar die gem

# Katkisante

Sunè Boshoff
Reuben Cilliers
Louis Coetzee
Jana du Plessis
Mea du Toit
Kyle Esterhuizen
Monize Frederik
Leon Frederik
Jessica Goosen
Darius Greyling
Jeanemari Hattingh
Ethan Jacques Hough
Shani Jansen v Rensburg
Melia Jordaan
Wian Kouwenhoven
Lara Lategan
Carmin le Grange
Jana Lotz
Juan Jacques Marè
Fouchè Andreas Marè
Cor Taljard Müller
Stef Pieterse
Nadia Potgieter
Kiara Prall
Marco Prins
Anneke Rossouw
Lourenne Elsjè Snyman
Anke Steyn
Johann Wilhelm Strümpfer
Emile Eben Terblanche
Juan van der Merwe
Chris Rudolph van der Westhuizen
Amari van Niekerk
Jacobus Lodewickus van Rensburg
Maryna Lecornu Visagie



# Belydeniskamp Achterberg

















# ONS STEL BEKEND

*Saret Britz*

*Vier nuwe gesigte het onlangs by ons gemeentespan aangesluit en ons stel hulle graag aan julle bekend. Sommige is al langer betrokke, maar werk nou op 'n meer formele basis hier.*

Welkom in ons Span

## HENRI PRETORIUS: Aanddiens Aanbiddingsleier



Met sy kitaar in die hand is musiek Henri Pretorius se grootste passie sedert hy as 13-jarige begin kitaar speel het. Hy leef sy talent en leierskap uit as lof- en aanbiddingsleier van die aanddienste. Henri het teologie studeer en einde 2021 sy BTh-graad verwerf.

"Ek ervaar nog altyd die Here se teenwoordigheid gedurende tye van lof en aanbidding. Hy het musiek al dikwels in my lewe gebruik om my nader aan Hom te bring. Dit is die grootste voorreg om te sien hoe die Here deur middel van musiek in mense se lewens werk en ek geniet dit baie om te begelei sodat ons saam die Here kan prys," vertel hy.

'n Mens kan hoor musiek loop soos 'n goue draad deur sy lewe – of hy daarna luister, Dinsdagaande saam met die "band" oefen of met sy vriende musiek maak. Musiek gee ritme aan sy lewe; dit is wat hom soos 'n metronoom laat "tiek". Kortom, hy is mal oor musiek!

"Ek is 'n gebore Johannesburger, is 25 jaar oud en die ouboet van drie kinders. My familie is vir my belangrik en ek geniet dit om tyd saam met hulle deur te bring. Kwaliteit-tyd met familie en vriende is baie spesiaal en ons steek sommer vinnig 'n vuurtjie aan om iets te braai," sê hy.

Vir ontspanning stap hy graag met sy hond, Sam. Verder geniet hy dit om tyd in die natuur deur te bring, veral met staptoere, en om op 'n plaas of langs viswaters te wees. Hy hou ook daarvan om in vakansies 'n goeie boek of twee nader te trek.

Hy sluit af: "Ek sien baie uit daarna om almal in die gemeente beter te leer ken, om saam die Here deur musiek te loof en prys en dat nog meer mense deel sal word van die musiekspan. Ek is regtig opgewonde om te sien wat die Here in en deur die musiekspan gaan doen."



*Vervolg op bl. 12*

# RIAN STEENKAMP: Hulp-Predikant

Welkom in ons Span



Rian Steenkamp is as hulp-predikant behulpsaam met verskeie pastorale take in die gemeente. Hy lei onder meer sedert Oktober 2021 die Bybelskool op 'n Woensdagoggend en die groep is op 'n geestelike reis om die werk van 'n (on)gelooflike God in die lewe van gewone mense te ontdek. Hy sê: "My fokus in die bediening is om mense te help om God se teenwoordigheid in hulle lewe as 'n daaglikse realiteit te beleef – as God by ons en ín ons!" Die Bybelskool gaan volgende jaar voort sodra die skole heropen en belangstellendes is baie welkom om op 'n Woensdagoggend om 09:00 by die groep aan te sluit.

Rian is in Upington gebore, het in Kimberley grootgeword en het die grade BA en BTh aan Kovsies verwerf. Na sy studies en die verpligte twee jaar weermagopleiding, waarvan hy die laaste agt maande ook in Bloemfontein voltooi het, is hy in 1990 as jong predikant in sy eerste gemeente in Kimberley bevestig. Terwyl hy in Kimberley was, het hy verder studeer en in 1992 'n M-graad in pastorale sorg vir sportlui behaal en in 2003 'n MBA-graad, cum laude. "Ek hou nie vreeslik baie van studeer nie, maar ek hou nog minder daarvan om goed nie te verstaan nie," verduidelik hy die rede vir sy studies.

Benewens sy amp as predikant in Kimberley, het hy in ook deeltyds Ondernemingsbestuur doseer en later, nadat hy in 2011 uit voltydse bediening getree het, ook klas gegee vir opvoedkunde-studente.

Na 21 jaar in Kimberley het hy en sy gesin in 2012 die Noordkaapvlaktes verruil vir Gauteng se gewoel. Hy is getroud met Lize-Maré, 'n gesondheidspraktisyn. Hulle het twee seuns: MC is 'n BCom LLB student in sy tweede jaar by Stellenbosch Universiteit en Deon-Möller is in graad 10 in Helpmekaar Kollege.

Rian bedryf sy eie beradingspraktyk en bestuur Lize-Maré se mediese praktyk. Die afgelope agt jaar verleen hy ook oor naweke trauma-ondersteuning en -berading by Milpark Hospitaal se trauma-afdeling. Na-ure gedurende die week sal jy hom by nog een van twee ander hospitale vind waar hy ondersteuning by hulle ongevalle-afdelings bied. In Maart 2022 het hy vroeë emeritaat ontvang nadat hy agt jaar deeltyds predikant in Randburg-gemeente was, maar hy preek steeds twee of drie Sondae per maand waar hy ook al benodig word. Gelukkig is hy nie baie lief vir slaap nie, anders sou hy vir seker nie by alles kon uitkom nie!

"Ek is lief daarvoor om mense beter te leer ken en nader aan hulle te leef. Verhoudinge is dus vir my baie belangrik. Mense se seer, veral waar dit hulle potensiaal kortwiek, lê my na aan die hart. By my beradingspraktyk fokus ek op mense met angs, trauma en middel-afhanklikheid en 80% van my kliënte is jonger as 35 jaar."

Hy voel oor niks spyt in sy lewe nie, behalwe, sê hy: "Toe ek jonk was, het ek 'n private vlieëniersliesensie gehad, maar ek vlieg nie meer nie en ek mis dit nog elke dag!"



Vervolg op bl. 13

## ESMÉ COETZEE: Bemarking en kommunikasie

Esmé Coetzee het onlangs by die span aangesluit en is verantwoordelik vir die bemarking en kommunikasie van gemeente-aktiwiteite.

Esmé is in Kimberley gebore en het daar grootgeword. Sy het aan Hoërskool Diamantveld gematrikuleer. Na matriek het sy 'n jaar in München, Duitsland deurgebring as uitruilstudent van die Rotariër-organisasie. Met haar terugkeer het sy Kommunikasiekunde by RAU gestudeer en na voltooiing van 'n honneursgraad, 'n loopbaan in bemarkingskommunikasie in Johannesburg begin, waar sy sedertdien woon en werk.

Haar verbintenis met ons gemeente strek oor 'n lang tyd. Haar twee volwasse kinders is in ons gemeente gebore en gedoop en het ook hier belydenis van geloof afgelê. Haar dogter Lelani is getroud en woon in London en haar seun, Zak, is in Pretoria. Sy vertel: "Ek het besondere vriendskappe hier gebou – soos onder andere by Bybelstudiegroepe, op vroue-retreats, om saam te werk vir die basaar (soos toe ons een ton wors elke jaar gemaak het), by die peuterhoekie, kleuterkerk ens." Haar passie vir kinders, veral weerlose kinders wat swaarkry, het daartoe gelei dat sy sedert 2007 'n medewerker geword het by die gemeente se Jan Hofmeyer Kleuterskoolprojek.

Esmé hou daarvan om lekker met haar hartsmense te kuier asook om weg te kom uit die stad se gewoel en te

## MARITSA BOTHA: Finansies

Maritsa Botha het die finansiële pligte by Tersia Schoonwinkel oorgeneem nadat Tersia 'n voltydse pos aanvaar het. Maritsa het in Roodepoort grootgeword en skoolgegaan. Ná skool het sy B.Com Rekeningkun



# Op 'n Hoë Noot

*Christo Bezuidenhout*

Die 5de jaarlikse NG Weltevreden Koorfees is in Augustus aangebied en was weereens 'n reusesukses. Dit was vier propvol dae met 16 kore, ingedeel in laerskool-, hoërskool- en volwasse kategorieë, sowel as vier gaskunstenaars wat deelgeneem het.

Van die hoogtepunte was die UJ Universiteitskoor en Karisma Singers. Die talentvolle gaskunstenaars – Footsteps on the Moon, KQ Vocal Quartet, Fluite & Snare, en Christiaan Grobler – het ook aan die geho

Om so 'n fees aan te bied verg baie reëlings en samewerking en NG Weltevreden se personeel was weer ware staatmakers. Danksy almal se hulp en ondersteuning het die hele week vlot verloop.

Jy mag wonder waarom die gemeente 'n koorfees aanbied. Enersyds bied dit 'n platform vir kore om nie-kompeterend deel te neem en andersyds is dit 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir die gemeente. Ons sien uit na die 6de koorfees volgende jaar. As jy van koormusiek hou, is dit waar jy moet wees!

# 'n Baie geseënde Somerkersfees vir elkeen

deur Koos du Plessis (1945 -1984)

Welkom o stille nag van vrede,
Onder die suiderkruis,
Wyl stemme uit die ou verlede
Oor sterrevelde ruis
Kerfees kom, Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
In hierdie land, o Heer

Hoor jy hoe sag die klokke beier
In eeue-oue taal
Kyk, selfs die nagtelike swye
Vertel die ou verhaal
Kerfees kom, Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
In hierdie land, o Heer

Voel jy ook nou sy warm liefde
As ons die dag gedenk,
Toe Hy sy Seun vir ons gegee het
Ons grootste kersgeskenk
Christus kom, Christus kom
Gee aan God die eer
Skenk ons 'n helder SomerKersfees
In hierdie land, o Heer